

NAAMLOSE VROUE: ONBEKEND, MAAR NIE ONGESIENS OF ONBEMIND!

JESUS EN DIE SONDIGE VROU

1. Inleiding

Die Bybel wemel van vrouekarakters waarby ons kan leer. En tog word meer as die helfte van die vroue wat in die Bybel genoem word, se name nie vermeld nie. Die anonieme vroulike karakters in die Bybel word dikwels volgens status soos slavin, wyse vrou of prostituut verwys, of volgens 'n sekere verhouding waarin hulle gestaan het: moeder, dogter, vrou, suster. In Bybelse tye was 'n naam nie net 'n aanspreekvorm nie. Jou naam het 'n betekenis gehad, dit was jou identiteit, jou karakter, reputasie, outoriteit en baie meer.

Dit maak seker sin in die kultuur waarin hulle geleef het waar mans die sosiale beheer gehad het, waar vrouens nie opgevoed kon word nie, in 'n sensus getel is of selfs in die hof kon getuig nie. Dit is so dat die kultuur rondom vroue in Bybelse tye selfs as diskriminerend beskou is. Maar ons sien in die Woord hoe God die gewoonte het om die mens se kultuur met Koninkrykskultuur omver te gooi. God kies om onbekende vroue ten spyte van hul sogenaamde naamloosheid en ten spyte van hul foute en tekortkominge in die Woord laat opteken het om my en jou lewe vir ewig te beïnvloed. Die Nuwe Testamentskrygger, Jerome H. Neyrey gaan in groot besonderhede in oor hoe "onbetroubaar" Jesus in "behoorlike" optrede met vroue op daardie tydperk omgegaan het. Dit word dan waar in die volgende studie.

2. Delf in die woord

Lukas 7:36-50

3. Agtergrond

In hierdie verhaal eet Jesus by die Fariseër, Simon toe 'n anonieme vrou in die dorp met 'n albasteflessie reukolie na Jesus toe kom.

Ons het drie belangrike karakters in die verhaal: Jesus, Simon, die Fariseër en 'n vrou.

4. Gebeure en interpretasie

a. Die vrou

Luk. 7:37 'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie.

Wie is hierdie vrou? Haar naam word nie genoem nie, 'n naamlose, sy word net aan haar etiket, haar "label" geken: "die vrou wat 'n sondige lewe gelei het." Kommentare meen dat sy 'n sedelose lewe gelei het. Daar is baie mense wat meen dat hierdie een van die Marias was, maar volgens sommige kommentare is daar nie onbetwisbare gronde daarvoor nie. (Kliek op die skakel vir meer hieroor: <https://www.reviveourhearts.com/podcast/revive-our-hearts/woman/>).

Dit wat die vrou doen, moes die geselskap geskok het. Sy breek deur alle aanvaarbare sosiaal-kulturele grense van daardie tyd, deur as vrou in die geselskap van mans in te stap, en as sedelose in die geselskap van die "heilige" Fariseër, nog erger. Wat doen sy?

Luk. 7:38 en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf.

Sy gaan staan agter Jesus by sy voete. In daardie kultuur het 'n mens gelê en eet, met jou voete weggedraai van die tafel en sy staan dus agter sy rug. In die teenwoordigheid van Jesus, begin sy huil.

Die Griekse woord hier beteken: *to moisten, as rain moistens the ground: her tears fell like a thunder shower on Christ's feet.*

Hierdie vrou het nie beplan om te huil nie, sy word oorweldig deur haar trane, sy huil dat die trane spat. Soos sy huil, drup haar trane op sy voete, soveel só dat sy besef dat sy Sy voete moet afdroog.

Sy doen dan nog 'n meer ongehoorde ding deur haar hare los te maak, wat ook onaanvaarbaar in die kultuur was. Volgens die Talmud, die ou Joodse wetboeke, was dit net so erg om jou hare los te maak as om van jou klere ontslae te raak. Dit is as seksueel uitlokkend beskou. M.a.w. hierdie is 'n resep vir chaos in 'n Fariseër se geselskap.

Maar, ons het hier 'n vrou wat presies weet wie sy is en waar sy vandaan kom. Sy het niemand nodig om haar te vertel wie sy is of waar sy vandaan kom nie – nie Jesus of die heilige Simon nie. Sy ken haar skuld, haar skaamte. Sy het niks meer om te verloor nie, nie meer 'n reputasie – sy is gestroop van haarself; gebroke. Daar is nie meer 'n selfbeskerming, 'n selfbewustheid nie, sy het een bewustheid: 'n Jesus-bewustheid. Sy wil net deurbreek na die teenwoordigheid van 'n lewende God, want sy is op 'n missie – sy het iets om te doen.

Sy praat nie, maar haar trane vertel 'n baie groter storie en soos die storie ontvou, sien ons dat Jesus haar trane presies verstaan. Sy het nie nodig om een woord te sê nie. Haar trane word eintlik 'n vorm van aanbidding (*worship, adoration, reverence, honour*). Dit is as't ware "wordless worship". Martin Luther noem dit "heart water"—water wat uit die hart vloei. En Jesus eer dit.

'n Baie intieme oomblik volg, wat nog meer ongehoord is: Sy soen Jesus se voete.

Die verklaring van die Griekse woord **κατεφίλει**, (*katephilei*) beteken: *kissed fervently, again and again.*

Dit spreek van intimiteit en volgens die Fariseërs verontreinig 'n sondige vrou se aanraking Jesus.

Dan salf sy sy voete met reukolie in die albasteflessie, wat baie baie duursaam was, maar sy doen wat sy gekom het om te doen. Dit is insiggewend met hoe Jesus weer in die verhaal alle sosiaal aanvaarbare tafels omgooi en haar laat begaan.

Daar is kommentare wat meen dat die manier waarop die vrou na Jesus toe kom, en die verloop van Jesus se gesprek met haar, daarvan spreek dat hulle al voorheen ontmoet het. Daarom meen kommentatore dat sy reeds vergifnis ontvang het en terugkom uit dankbaarheid. Jesus se woorde in vers 47 suggereer iets hiervan: *Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde."*

En dis eintlik al wat hierdie karakter oor wie die storie eintlik gaan, doen. Sy kom uit dankbaarheid liefde bewys. Maar die storie ontvou verder. Ons kan egter nie die volle wese van hierdie vrou se karakter leer ken as ons nie na die ander twee karakters kyk nie. Ons het alweer met 'n vrou te doen wat deur die samelewing verwerp word en vir die Fariseërs is dit totaal onvanpas, 'n skandaal.

b. Die Fariseër

Simon spreek hom hard en duidelik teenoor Jesus se gedrag uit. *Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: "Hy, as hy 'n profeet was, sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondares is." (Luk. 7:39)*

Terwyl hy sy vinger na die vrou se sonde wys, sondig hyself. Hy druk die dolk van verdere verwerping vir hierdie reeds verwerpte vrou nog dieper in, maar hy bevraagteken ook Jesus in sy hart en verwerp hy eintlik in sy hart vir Jesus as profeet, want as Hy 'n ware profeet was, sou Hy van beter geweet het.

c. Jesus

Jesus antwoord hom deur vir hom 'n voorbeeldverhaal van vers 41- 43 te vertel en so bring Hy Simon tot insig - dat mense wat baie vergewe is soos hierdie vrou, baie liefde bewys. Maar mense wat dink hulle het min om vergewe te word, minder liefde het. En hy gebruik hierdie voorbeeldverhaal van die skuldenaar en skuldeiser en pas dit op Simon en die vrou toe. Hy gee Simon 'n les in vergifnis, dankbaarheid en liefde.

Maar Jesus is nie klaar met Simon nie. Hy sit regop en kyk na die vrou, om erkenning aan haar teenwoordigheid te gee – hy verwerp haar nie. Terwyl hy haar teenwoordigheid erken, praat Hy verder met Simon, want Hy wil hê Simon moet 'n baie belangrike lewensbeginsel snap. Die gesprek begin in Luk. 7:44: *en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: "Sien jy hierdie vrou? . "Sien jy hierdie vrou?"* is 'n retoriese vraag om Simon se aandag te kry. Natuurlik sien Simon haar, intendeel, sy is die bron van sy ergernis.

Dan sê Jesus verder: *Ek het in jou huis gekom – en jy, water vir my voete het jy My nie gegee*

nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog.

Luk. 7:45 'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.

Luk. 7:46 My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf.

Wat Jesus hier doen, is om hierdie twee karakters as't ware langs mekaar op te stel en hulle optredes met mekaar te vergelyk. In die kontras wat daar in hul karakters is, karakteriseer hy albei karakters. Simon word ontbloot. Hy het nie so baie verkeerd gedoen nie, maar in sy niksdoen word sy hart ontbloot - die harde, hoogmoedige gesindheid van sy hart. Hy het iets "eerbaars" gedoen deur Jesus na sy huis te nooi, maar nie homself regtig gegee vir dié ontmoeting met Jesus nie. In daardie tye was dit gasvry om jou gaste se voete te was (al het jou slawe dit gedoen); hulle het mekaar met 'n soen gegroet en hulle het hul gaste met 'n welriekende olie gesalf. Die vrou doen egter al drie die dinge: sy bewys haar liefde in die voetewas met haar trane (sy word as't ware die slaaf wat sy voete was), sy soen wel nie sy hoof nie, maar sy voete, en sy giet haar reukolie op hom uit. Hierdie dade maak haar eintlik die gasvrye en liefdevolle gasvrou en hom die kliniese gasheer.

Daar was daardie nag minstens twee verlore sondaars in die huis, en albei het redding nodig gehad. Jesus het die mag gehad om albei te red. Die vrou het geweet dat sy 'n sondaar was, dat sy baie sondes gehad het en dat sy gered is of moes word. Simon die Fariseër? Hy het gedink dat hy so goed was dat hy nie nodig gehad het om gered te word nie. Hy is dus op 'n geestelik baie gevaarlike plek – om te dink jy het nie 'n Verlosser nodig nie.

Bloot op uiterlike oordeel, is Simon die geestelike reus wat alles volgens wet reg doen en hierdie vrou se uiterlike sondes van haar verlede maak haar die laeklas sondaar. Maar dis nie hoe Jesus kyk nie. Deur hierdie hele toneel, ontbloot Jesus die ware sondaar. Hy ontbloot Simon se hartsondes, sy hoogmoed, sy liefdeloosheid.

Dan eindig hierdie verhaal met 'n klimaks, op 'n evangeliese hoë noot met Jesus se woorde aan die vrou in vers 48 & 50, met wie Hy nou die eerste keer direk praat: "*Jou sondes is vergewe.*" "*Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.*" (Luk. 7:48 & 50)

Jesus gebruik bykans dieselfde woorde as in die studie oor die vrou wat aan bloedvloeiing gey het.

Wat leer hierdie verhaal ons van Jesus?

- Jesus kyk anders as mense. Jesus sien elkeen van ons raak, dit maak nie saak of ons een van die 'onopvallende, onopsigtelike vroue is wat op die rand van die lewe bestaan nie.' Hy sien ons nie net raak nie, Hy maak persoonlike kontak. Dit is waarom die Koninkryk van God gaan – oor sy liefde vir ons wat vroue en sondaars insluit.
- Hy het nie mense lief oor wat hulle vir hom kan beteken nie, soos met Simon die geval was nie, maar vir wat Hy vir hulle kan beteken.
- So oop soos die pad na Jesus se voete vir hierdie vrou was, so oop is die pad na Jesus se voete en na die Troon van God toe, vandag en altyd. *Heb. 4:16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*
- Dit maak nie saak watter foute ons gemaak het, hoe groot ons sonde is en watter wrede etikette die wêreld of onself om ons nekke hang nie, dis juis dan wat Jesus sê: "*Kom na My toe almal wat moeg en oorlaai is.*" (Matt 11:28)
- Jesus deurgrond wat in ons harte aangaan – soos hy in die verhaal twee persone se harte as't ware ontbloot en gekontrasteer het.

5. Maak die verhaal jou eie

- Ons moet ons lewens soos 'n flessie reukolie voor die Here uitgiet – ons kosbaarste, alles wat ons het en is. Geen prys moet te hoog wees nie. Jesus eer nie halfhartigheid soos Simon s'n nie.
- Mag ons nooit soos die Fariseër wees wat vanuit hoogmoed ander uiterlik oordeel nie. Dikwels kom die eenvoudigste, maar diepste aanbidding van God van mense wat ons dit die minste verwag.

- Ons geloof, ons trane, ons gebrokenheid, ons nederigheid, ons afhanklikheid, ons dankbaarheid voor sy troon word vir Hom dae van aanbidding, “acts of worship”! As ons harte in nederigheid, afhanklikheid, dankbaarheid en liefde na Hom toe gedraai is, gestroop van die self, kan ons woordloos “worship”!

Ps. 51:19 (Afr 53) Die offers van God is ‘n gebroke gees; ‘n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie! Dis wanneer ons sal hoor: "Jou sondes is vergewe. Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.", want Joh 8:36_sê: “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.” En dan sal ons die vrede hê wat alle verstand te bowe gaan.